28/02/2018 13/2018

# KONTANTBONUS VIR LANGDIENSERKENNING

Die SAOU kantoor ontvang gereeld navrae rondom die kontantbonus vir langdienserkenning. Die doel van die nuusflits is om 'n paar van die vrae te beantwoord:

***Wat is die bedrae wat uitbetaal gaan word?***

| | | |
|---|---|---|
| Vanaf 1 April 2017 | 20 jaar aaneenlopende diens | R 9 886.00 |
| Vanaf 1 April 2017 | 30 jaar aaneenlopende diens | R19 771.00 |
| Vanaf 1 April 2017 | 40 jaar aaneenlopende diens | R26 362.00 |

***Wanneer word die bedrag aangepas?***

Die bedrag moet in terme van PSCBC Resolusie 1 van 2012 jaarliks aangepas word, effektief vanaf 1 April. Die aanpassing sal gebaseer wees op die gemiddelde VPI (verbruikersprysindeks) van die vorige jaar.

***Hoe word dit deur WKOD geimplementeer?***

Diegene wie 30 en 40 jaar diens voltooi het, kry 'n kontantbedrag en 'n sertifikaat tydens 'n funksie saam met die Onderwyshoof en Provinsiale Minister van Onderwys. Hierdie funksie word in die daaropvolgende jaar gehou nadat persone hulle 30 en 40 jaar aaneenlopende diens voltooi het. Die funksie wat dus vanjaar (2018) gaan plaasvind, is vir diegene wie verlede jaar (2017) gekwalifiseer het vir die langdienserkenning. Diegene wie 20 jaar diens voltooi het, kry slegs 'n sertifikaat en die kontantbedrag.

# CASH BONUS FOR LONG SERVICE RECOGNITION

The SAOU office regularly receives enquiries about the cash bonus for long service recognition. The purpose of the newsflash is to answer some of these questions:

***What are the amounts to be paid out?***

| | | |
|---|---|---|
| From 1 April 2017 | 20 years continuous service | R 9 886.00 |
| From 1 April 2017 | 30 years continuous service | R19 771.00 |
| From 1 April 2017 | 40 years continuous service | R26 362.00 |

***When will the amount be adjusted?***

The amount must be adjusted annually in terms of PSCBC Resolution 1 of 2012, effective from 1 April. The adjustment will be based on the average CPI (consumer price index) of the previous year.

**How is it implemented by WCED?**

Those who have completed 30 and 40 years of service, receive a cash payout and a certificate during a function with the Head of Education and Provincial Minister of Education. This function will be held in the year after people have completed their 30 and 40 years of continuous service. The function that will take place this year (2018) is for those who qualified for long service recognition last year (2017). Those who have completed 20 years of service, will only receive a certificate and the cash payout.

| | |
|---|---|
| ***Hoe lank moet 'n persoon wag voor die kontantbetaling gemaak word?***<br><br>Die persoon kan die kontantbedrag onmiddellik verwag (of in die maand of net daarna wanneer die diens voltooi is) vir 20, 30 en 40 jaar diens.<br><br>***Wie kan die lede kontak indien hulle nog nie binne 'n maand na kwalifisering hulle kontantbonus ontvang het nie?***<br><br>Navrae kan direk gerig word aan die Direktoraat: Diensvoordele by die WKOD se Hoofkantoor. Lede is ook welkom om die SAOU kantoor te kontak.<br><br>***Moet die persoon enige dokumente voltooi om die bonus te laat uitbetaal?***<br><br>Geen vorms word meer voltooi nie. Die WKOD trek die lys van name wat kwalifiseer direk vanaf die sentrale betalingstelsel (Persal). Die uitbetalings sal dan ook op Persal gedoen word. | ***How long should a person wait before the payment is made?***<br><br>The person can expect the payment immediately (or in the month or just after the service is completed) for 20, 30 and 40 years of service.<br><br>***Who can members contact if they have not received their payment within a month after qualifying?***<br><br>Enquiries can be directed to the Directorate: Service Benefits at the WCED Head office. Members are also welcome to contact the SAOU office.<br><br>***Does the person have to complete any documents to receive the bonus?***<br><br>There is no need to complete any forms. The WCED draws the list of names that qualify directly from the central payment system (Persal). Payments will also be made on Persal. |

*Volg ons op Facebook* *Follow us on Facebook*
*SAOU Wes-Kaap*